TEKS 1

DOKKIE SE SKOONHEID SAL MEESLEUR

Leon van Nierop
27 September 2020

My octopus teacher. Met Craig Foster. Regisseurs: Pippa Ehrlich en James Reed.

★★★★★

1 Eers is daar die vooroordele wat katswink geslaan moet word. Dokumentêre het 'n stereotiepe beeld van "verveling" ontwikkel wanneer stiksienige geleerdes snater oor tam prentjies. Daarom is hierdie rolprent so besonders. Dit verander jou houding oor dokkies vir altyd. Sedert hierdie resensent daaroor berig het, was daar nog geen negatiewe reaksie nie. Almal is in vervoering oor die eenvoud en skoonheid.

2 *My octopus teacher* is 'n seldsame, fyngeslypte en weldeurdagte skitterjuweel waarna jy oopmond staar. 'n Man, Craig Foster, maak vriende met 'n seekat. Moenie bekommerd raak nie. Dis nie 'n soetsappige storie nie.

3 Die wyse Foster ontdek hierdie buitengewone en intelligente kreatuur in die see en bevriend haar. Dit is 'n onbevooroordeelde bondgenootskap. Twee wesens van dieselfde planeet wat aanklank bymekaar vind, 'n vertrouensverhouding begin en geheg raak aan mekaar.

4 Die gevaar het bestaan dat die dokkie in 'n selfvertroetelende gepreek oor natuurbewaring kon ontaard. En natuurlik kom hierdie belangrike aspek na vore, maar wanneer krisisse die seekat tref en Foster getraumatiseerd raak daaroor, verander dit in 'n grootmenssprokie waarna kinders ook oopmond sal staar, want dit bewys: liefde, gehegtheid, respek en ontsag gaan hand aan hand met ons bestaan hier op aarde. Foster neem jou in die seekat se slim brein in en bewys dat ware vriendskap onvoorwaardelik en onselfsugtig is.

5 Nooit, maar nóóit raak die gehoor verveeld of ongemaklik nie, want Foster se rustige vertelling en insiggewende waarnemings boei jou, sleur jou mee, fassineer jou en laat jou uiteindelik bewoë omdat die gebeure so kosbaar is en met geniale vernuf vasgevang is. Ja, die onderwaterfotografie is voortreflik. Jy wil die ervaring vir maande lank koester en onthou.

6 Die seekat se onderwatertuin is meer as mooi inkleurprentjies: dit vorm deel van haar lewe en seekatwees. Saam met haar kruip ons weg vir jagters. Ons sien hoe sy haar verkneukel in allerlei beeldskone vorme, haar vermom en nie kan wag vir haar mensevriend om weer op te daag nie.

7 Die getemperde musiek (niks melodramaties of sentimenteel nie) en die karaktereienskappe wat die seekat aanneem sonder om dit soetlik te maak, plaas dit in 'n ander klas.

IEB Copyright © 2022

8 Om die waarheid te sê: Dit is moontlik een van die heel beste en mees respekvolle, pakkende dokkies wat ooit gemaak is, veral in Suid-Afrika. En ons is bekend vir ons goeie dokumentêre films. Maar hierdie seekat streel elke greintjie weerstand in kykers weg. Dit verwyder jou vinger van daardie knoppie wat na 'n ander kanaal wil oorspring, want dit bedwelm en betower jou.

9 Oorkom jou weerstand en vooroordeel. Gaan baljaar saam met die seekat in haar onderwater-oerwoud terwyl 'n rustige siel jou aan jou hand neem en die seekat se storie met verkwiklike akkuraatheid vertel, ondersteun deur die regisseurs se rustige regiestyl. As jy eers hierna gekyk het, sal geen dokumentêr ooit weer dieselfde wees nie. Dit sal jou bedwelm en meesleur na groot hoogtes.

[Bron: Van Nierop, Leon. 2020. Dokkie se skoonheid sal meesleur. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/leon-van-nierop-dokkie-se-skoonheid-sal-meesleur-20200927> Datum van toegang: 15 April 2021]

IEB Copyright © 2022

TEKS 2A

KWINTE EN KWELLINGS

deur dr. Jan van Elfen

Jaloesie blus liefdesvuur

Verward van G: Ek en my kêrel is albei in matriek en ons gaan al sedert graad 10 uit. Ná 2 jaar is my vermoede bevestig dat hy met 'n jonger meisie in graad 9 deurmekaar is. My kêrel sê daar is niks tussen hulle nie, maar ek het self gesien dat sy hom by 'n partytjie soen. Jaloesie is verkeerd, maar suspisie maak my so koud soos 'n ysberg.

Antwoord: Ja, jaloesie is beslis 'n verterende emosie en allermins bestem om liefdesvuur aan te wakker. U meld nie op watter getuienis u wantroue in u kêrel gegrond word nie. 'n Openlike soen tussen medeskoliere behoort niemand rustelose nagte te besorg nie. Moontlik bewonder sy hom en het haar waardering uitgedruk; moontlik is sy 'n familielid. Ruk uself reg en skep 'n aangename atmosfeer wanneer u en u kêrel tyd saam deurbring. Miskien gewaar hy dan weer 'n sweem van die meisie op wie hy oorspronklik verlief geraak het!

[Verwerk uit: Van Elfen, Jan. 1979. Jaloesie blus liefdesvuur [Kwinte en kwellings]. In: *Sarie Marais*, 2 Mei 1979: 137]

TEKS 2B

Uit: DRIE GROOT KWELVRAE EN DIE ANTWOORDE

deur Suzette Truter

Kerkmuis in J: Kan ek gedwing word om 'n spesifieke geskenk te gee as ek na 'n troue genooi word? Soms raak die koste vinnig hoog wanneer verblyf- en reiskoste bykom. Ook as die paartjie 'n geskenkregister by 'n spesifieke winkel het – nooit goedkoop nie.

Antwoord deur Nataniël, etiketkenner: Die geskenksituasie by troues het al jare gelede begin handuit ruk. 'n Geskenklys van 'n paartjie is daar om aan kennisse met wie hulle nie gereeld persoonlike kontak het nie, 'n idee te gee waarvan die paartjie hou, nie om enigeen te verplig nie. Jy gee iets wat jy as gepas, bekostigbaar, nodig of oorspronklik beskou, basta met die res. Die beste troues op aarde is uitmergelend en hoogs vervelig vir mense wat reeds verby die troustadium beweeg het; om nog reëls en belaglike eise te stel is absolute nonsens. Ignoreer die twak, doen jou plig en volg jou goeie instink. Ek hoop Covid sorg vir intieme, ontspanne, veilige en minder gulsige troues.

[Verwerk uit: Truter, Suzette. 2021. 3 Groot kwelvrae & die antwoorde. In: *Sarie*, Maart/April 2021: 129]

IEB Copyright © 2022

TEKS 3



VANES-MARI: 6-VOET-EN-'N-BIETJIE SE PRET

deur Lydia van der Merwe

Dinamiet kom in klein pakkies ... sê wie? Vanes-Mari du Toit is 1,89 m lank, blond en met 'n groot glimlag. Sy is onder meer 'n netbalkampioen en TV-aanbieder, want sy laat nooit 'n kans deur haar vingers glip nie.

Sy het nog nooit in 'n boks gepas nie, vertel sy, en sy wil nooit geëtiketteer word nie. Mense besluit te gou watter soort mens sy is: weens haar lengte, haarkleur en suksesvolle deelname aan netbal. Nou is sy ook nog met 'n ouer man getroud, wat mense verder verwar en omkrap. Hulle dink sy is net agter sy geld aan! "Belaglik, nè – hulle weet nie ons is geesgenote nie!"

Sy was nog altyd anders as wat mense gedink het. Op universiteit het sy 'n moeilike BCom-graad voltooi. Terwyl haar medestudente geklee was in formele besigheidsdrag, was sy daar met 'n sweetpak en 'n poniestert. As televisie-aanbieder moes sy die klagte aanhoor dat sy te veel praat tydens onderhoude. Geen ander aanbieder praat soveel nie, het 'n kyker gekla. Sy het net gesê: "Ek is nie soos ander aanbieders nie!"

Suid-Afrikaners het haar eers werklik leer ken toe sy aan *Dancing with the stars* deelgeneem het. Volgens haar kyk hopeloos te min mense na vrouesport: sy het haar land al 77 keer as netbal-speler in internasionale wedstryde verteenwoordig, maar eers toe sy sover as die halfeindronde van die danskompetisie gekom het, het mense haar op straat begin herken.

Die 2023-Wêreldbekertoernooi vir Netbal vind in Suid-Afrika plaas. Vanes-Mari sal nie self daarin speel nie, maar mag dalk ons nasionale span help afrig, of by die televisiedekking van die toernooi betrokke wees. Sy wil graag help om netbal as sport in Suid-Afrika te bevorder: dit is vir haar 'n passie.

Vanes-Mari werk hard aan haar loopbaan en gryp elke geleentheid aan. Tog neem sy haarself nie onnodig ernstig op nie. Dit is vir haar belangriker dat mense haar sal onthou omdat sy hulle laat lag en ontspan het, eerder as oor hoeveel doele sy aangeteken het en presies hoeveel punte sy vir 'n dans gekry het.

[Verwerk uit: Van der Merwe, Lydia. 2021. Vanes-Mari: 6-voet-en-'n-bietjie se pret. In: *Sarie*, Maart/April 2021: 24–29]

IEB Copyright © 2022

TEKS 4

OOGGETUIE

Louis Esterhuizen
(N.a.v. Wislawa Szymborska se verslag)

Reën
vlek donker plasse
straataf die ligte streep
oor motorruite
voor die restaurant geparkeer
Die muurhorlosie
gryp na elf minute oor agt
die bom is gestel vir
twintig oor

Nog nege minute
genoeg tyd vir sommige
om vry te spring en ander
om na binne
te gaan. Galant hou 'n man
in swart pak
'n motordeur oop vir sy vrou
onder 'n sambreel
vlug hulle

na binne dertien minute
spring verby. Ses jongmense
bondel luidrugtig na buite
hulle groet en vier vertrek
twee loop weer terug
na binne
die meisie halfteësinnig
haastig om te gaan
vier minute

voor die bom. 'n Bedelaar
by 'n kar keer iemand voor
nog drie minute
hulle stap by hom verby kom
vies oor die straat
loop teenaan my
verby. Twee minute vyftig
sekondes

Voor die restaurant
kom 'n motor tot stilstand
Die passasier klim uit gesels
deur die venster 'n bus kruip
tussen ons verby die motor
glip weg –

het sy ingegaan of vertrek?
Maak nie juis saak nie
sal wel sien wanneer hulle
die lyke

na buite dra vyftien
sekondes hoe traag die tyd
die nag verstrak, die bom –
dit ontplof. In die knal sien ek
glas en stof om my
reën.

Oorspronklik uit die bundel *Liefland* (Protea, 2004)

[Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel III*. Kaapstad: Tafelberg. (bl. 1023–1024)]

IEB Copyright © 2022

TEKS 5

FLITS UIT 'N BRAAIPAN

Sheila Cussons

Vet wat skiet maak seer, en huid gaan nie ánders
voorgee nie, protesteer onmiddellik, vlam van woede
rooi. Lyf is reguit in sy reaksies, veins nooit soos
'n hart met kamma-ongeërgdheid; die ingewikkelde,
huigelende, dapper, gedrogtelike hart.
Sensasie deel ons met diere, met die engele intellek,
maar niks in die ganse heelal is alleniger as 'n gemoed –
God het Hom onsalige sorge op die hals gehaal toe Hy
besluit het: "Laat die mens wees!" en Hý – nadat dit
duidelik geblyk het dat geen van die vernufte wat
Hy saamgegee het: matesis, wysbegeerte, nie eens sy
gawe van religie, die ding wil laat werk nie – verplig was
om self in te spring – Tót met die eerste Pase die hemel
kon ophou hande wring, en elke beskermengel, yweriger as
ooit, sy take verrig, gesprékke kan voer selfs met oplaas
'n ontvanklikheid waar eers net stugge verbystering was –
Dier genoeg nog, lek ek die plek waar die vet gebrand het,
en wat die res betref: gans verander sedert Jesus, bedank ek
God nou vir sy onbesuis-geniale besluit om 'n wese te skep
wat nog náder sou aard aan sy eie Self, en dat dit eindelik
uitgewerk het, en dat dit die einste hart is wat twyfelloos
kan sê: Dit is nie net "goed" nie, Heer; dis manjifiek.

Oorspronklik uit die bundel *Verwikkelde lyn*
(Tafelberg, 1983)

[Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel I*. Kaapstad: Tafelberg. (bl. 382)]

IEB Copyright © 2022

TEKS 6

Uit: BALLADE VAN DIE BOSE

N.P. van Wyk Louw

Ken jy my nou?
Het jy die spieël gesien
en ken jy jou?

Wanneer jy wil vlug
uit die stad wat brand,
dan vlug ek saam
soos 'n vrou aan jou hand.

Die veles meen
hulle ken my gesig,
maar ek skuil te glansryk,
te na aan die lig,
en as hul wil waarsku
en wysheid gee,
dan praat ek reeds
in die woordklank mee;

en die snelles vlug,
waarheen? vir wie?
ek is nie skoon
of aaklig nie,
en waar hulle vlug,
daar dra hul my mee
in die grys-wit groewe
van die senuwee.

...

Ek is jou wese
se ondergrond
en ek trap in jou spoor
soos 'n goeie hond.

Toe God die aarde,
die silwer bal,
in vreugde en spel
uit sy hand laat val,
was ek die baaierd
waarin dit weeg,
die vormlose,
en woes en leeg.

Toe 'n stil vroeë water
– voor vis of net –
tot die eerste wit kiem
geëtter het,
was ek die donker
wat onder skuil:
die koue grond en
swart klip van die kuil.

...

Wil die kennis nou kom:
ek is die grond
al is jy die blom?

Ken jy my nou?
Het jy die spieël gesien,
en ken jy jou?

Oorspronklik uit die bundel *Gestaltes en diere*
(Nasionale Boekhandel, 1942)

[Bron: Brink, André P. 2008. *Groot verseboek deel I*. Kaapstad: Tafelberg. (bl. 140–143)]

IEB Copyright © 2022

TEKS 7

NONNETJIE-EEND

Dendrocygna viduata

Johann Lodewyk Marais

Donkeraand by die pan hoor ek hom luid
asof uit die niet oor my sip-sip-siee.
Oor die water weerklink sy helder fluit.

Hy kom van 'n kleiner pan verder suid
en was 'n stippel wat teen sterre vlie.
Donkeraand by die pan hoor ek hom luid.

Alleen gaan hy by die ander aansluit
in die palmiet, skuins teen die aandwindjie.
Oor die water weerklink sy helder fluit.

Hy sak om die nag op die pan te slyt,
Wanneer hy gaan sit, hoor ek hom inski.
Donkeraand by die pan hoor ek hom luid.

'n Skadu teen swart swem hy stadig uit:
nou sien niemand waar nie, of wat of wie.
Oor die water weerklink sy helder fluit.

Veilig teen die wakker jagters se kruit
wei hy waar hulle hom nie sal kry nie.
Donkeraand by die pan hoor ek hom luid.
Oor die water weerklink sy helder fluit.

[Bron: Marais, Johann Lodewyk en Ad Zuiderent (samestellers). 1997. *Ons klein en silwerige planeet: Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse gedigte oor die omgewing*. Pretoria: Van Schaik]

IEB Copyright © 2022

TEKS 8




[Bron: d6-promosie. 2021. In: *Sarie*, Maart/April 2021: 123]

TEKS 9A



[Bron: Van Vuuren, Niël. 2021. Hoër petrolprys tref swaar [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/Stemme/Spotprente/beeld-spotprent-12-april-2021-20210411> Datum van toegang: 15 April 2021]

TEKS 9B



[Bron: Mouton, Fred. 2021. Prys van brandstof styg skerp [spotprent]. Aanlyn beskikbaar by: <https://www.netwerk24.com/Stemme/Spotprente/die-burger-spotprent-27-februarie-2021-20210227> Datum van toegang: 15 April 2021]

IEB Copyright © 2022